KONINKRYKSTYD

In dié kerkjaarseisoen gesels ons oor dissipelskap en groei.

Laai die DinkJeug Families app af. Luister, lees, gesels en bid saam.

HUISGELOOF

VOORBEELD
TEKS: 1 TESS 1

OMGEE

Watter helde se voorbeeld volg jy? Dink byvoorbeeld aan die sport wat jy beoefen, of 'n talent wat jy het of jou beroepsrigting - wie se voorbeeld volg jy of wie is vir jou 'n inspirasie? Deel met mekaar.

GESELS

Paulus is dankbaar vir die gemeente in Thessalonisense - vir alles wat hulle doen en hulle invloed. Kyk of julle dinge kan raaklees in die teks van dit waaroor Paulus trots is.

Lees 1 Thessalonisense 1:1-10

- Paulus is dankbaar oor hierdie gemeente se optrede. Op wie is jy trots of dankbaar en hoekom?
- Vers 6 vertel dat hulle Paulus se voorbeeld volg. Wie is vir jou 'n voorbeeld in geloof? En hoekom?
- Vertel hoe julle gemeente ook 'n invloed het.

DOEN

- Teken 'n buitelyn van 'n dissipel op 'n groot stuk papier.
- Watter eienskappe moet 'n volgeling van Jesus hê? (Skryf dit binne-in.)
- Watter gedrag pas by 'n Jesus-volgeling? (Skryf dit buite om die dissipel.)
- Gesels nou: hoe kan jy meer hiervan hê?

BID

Jesus, laat ons lig skyn sodat...

DINK JEUG Families

Laai die DinkJeug Families app gratis af:

Google Play: Apple iStore: